GROEIGROEP MATERIAAL

Onbeskaamd in ons Geloof

Waag om dieper te glo

Opening

Wie is jou geloofsheld? Hoekom stel jy die held voor, wat het hy/sy gedoen?

_____

_____

Inleiding

Die Woord van God is ook die bron van mense se wandel saam met die lewende Here. Deur die Woord sien ons van manne/ vroue wat deur verskillende seisoene van die lewe gaan. Hulle het geglo en geloof gehad.

In Hebreërs 11 word daar in klompie name genoem van mense wat geleer het om hulle lewe te rig op dit wat hulle juis nie kon sien nie. Wat is dit wat hulle nie kon sien nie en hoe het dit toe vir hulle uitgewerk?

- Vanweë sy geloof het Abel ...
- Vanweë sy geloof het Noag ...
- Vanweë sy geloof het Abraham ...
- Vanweë sy geloof het Moses ...
- Vanweë sy geloof het Dissipels ...
- Vanweë sy geloof het Paulus ...of gehad dat God hulle nie alleen sou laat nie.

Hoe help hierdie teks ons om iets van geloof te verstaan? Help dit ons om te waag om dieper te glo?

"Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie." Hebreërs 11:1

_____

_____

INHOUD & GESPREK

Johan, Rinus en Chris het sondag saam gesels oor hulle geloofshelde wat diep geglo het.

Daar is gesels oor Noag, Josef en Abraham.

KOM ONS LEES

- Genesis 6:9-22; 7:1-9
- Genesis 21:9-21
- Genesis 37:12-36, 39:1-23

Wat sou ons oor elkeen se lewe kon sê? Hoe leer ons hieruit?

Noag

_____

_____

Josef

_____

_____

Abraham

_____

_____

Wat sou dit vir jou beteken om dieper te glo in jou geloof?

_____

_____

Daar is een ding wat altyd van hierdie drie karakters getuig kan word. Hulle het God bly dien ongeag van die omstandighede waarin hulle was. Hulle het aangehou om hulle beste te gee soos wat God dit van hulle verwag het. Wat leer ons hieruit vir ons eie lewe? Hoe kan ons moed hou in die lewe? Help mekaar...

_____

_____

Slot

Wat is die Here besig om vir jou te sê oor jou geloof in Hom?

_____
_____

Amen...